Die beplande nuwe huishoudings gaan 'n beduidende impak op die onderskeie dorpe hê. Tabel 2.3 en 2.4 toon die verwagte groei in die onderskeie dorpe aan. Die addisionele huishoudings gaan ook druk plaas op bestaande infrastruktuur en dienste. Die dorpe wat proporsioneel die meeste gaan groei is Chatsworth (251%), Riebeeck Wes (103%) en Abbotsdale (50%), terwyl Malmesbury die grootste reële groei gaan hê (2 857 huishoudings).

Die groei in die kleiner dorpe kan ook 'n wesenlike impak op dienslewering hê as gevolg van die volgende redes:

- Die kapasiteit van kleiner infrastruktuurstelsels kan makliker oorskei word deur 'n kleiner hoeveelheid addisionele huishoudings.
- Gesubsideerde groei mag nuwe dienste noodsaak in sekere areas wat teen 'n hoër koste gelewer moet word.

Indien daar na die totale groei in huishoudings vir die gebied gekyk word, word daar 'n toename van 34% vir die totale gebied voorsien, waarvan 25% uit privaat en nie-gesubsideerde ontwikkeling bestaan en 9% uit gesubsideerde ontwikkelings. Die totale behuisingsagterstand verteenwoordig 46% van die bestaande huishoudings. Die bogenoemde tendense word in meer detail aangetoon in Figure 2.18-2.20

New Households

The planned new households will have a significant impact on the respective towns. Table 2.3 and 2.4 indicate the expected growth in the respective towns. The additional households will put pressure on existing infrastructure and services. The towns that will experience the most growth (proportionally) are Chatsworth (251%), Riebeeck West (103%) and Abbotsdale (50%). Malmesbury will have the highest real growth (2 857 households).

The additional households will have larger impact on service in the smaller towns because of:

- The capacity of smaller infrastructure systems can more easily be exceeded by fewer additional households (due to scale).
- Subsidized growth may require additional services to be rendered in certain localities at higher cost.

If one considers the total growth in households in the area, an increase of 34% is expected, of which 25% can be attributed to private and non-subsidized development and 9% attributed to subsidized development. The total housing backlog represents 46% of the current households. The above trends area indicated in more detail in Figures 2.18 – 2.20.




Tabel 2.3: Alle behuisingsontwikkeling
Table 2.3: All housing development


	Huidige huishoudings op diens (Water) Current households being serviced (water)	Privaat / Nie gesubsideerde Ontwikkeling Private / Non subsidized Housing	Lae koste Gesubsideerde ontwikkeling Subsidized housing development	Totale ontwikkeling Total development	Behuisings Waglyste Waiting lists
Mby	2379	2857	0	2857	0
Wbank	3061	62	0	62	0
llinge Lethu	992	0	0	0	3110
MB TOTAAL	6432	2919	0	2919	3110
Abbotsdale	599	0	300	300	466
Riverlands	315	0	0	0	158
Kalbaskraal	290	0	0	0	402
Chatsworth	219	250	300	550	254
Darling	1868	250	455	705	908
Yzerfontein	1018	0	0	0	7
Moorreesburg	2679	59	0	59	341
PPC	79	0	0	0	0
Riebeek Wes	630	350	300	650	529
Riebeek Kasteel	723	9	0	9	626
Koringberg	287	0	0	0	137
TOTAAL	15,139	3,837	1,355	5,192	6,938

Tabel 2.4: Die impak van verwagte ontwikkelings
Table 2.4: The impact of expected developments


	Huidige huishoudings Current Households	Huidige Huishoudings + Private of Nie-gesubsideerde ontwikkelings Current Households + Private / Non-subsidized developments	%	Huidige huishoudings + Gesubsideerde projekte Current Households + Subsidized projects	%	Huidige Huishoudings + Alle nuwe behuisings Current households + all new housing	%
Mby	2379	5236	120%	2379	0%	5236	120%
Wbank	3061	3123	2%	3061	0%	3123	2%
llinge Lethu	992	992	0%	992	0%	992	0%
MB TOTAAL	6432	9351	45%	6432	0%	9351	45%
Abbotsdale	599	599	0%	899	50%	899	50%
Riverlands	315	315	0%	315	0%	315	0%
Kalbaskraal	290	290	0%	290	0%	290	0%
Chatsworth	219	469	114%	519	137%	769	251%
Darling	1868	2118	13%	2323	24%	2573	38%
Yzerfontein	1018	1018	0%	1018	0%	1018	0%
Moorreesburg	2679	2738	2%	2679	0%	2738	2%
PPC	79	79	0%	79	0%	79	0%
Riebeek Wes	630	980	56%	930	48%	1280	103%
Riebeek Kasteel	723	732	1%	723	0%	732	1%
Koringberg	287	287	0%	287	0%	287	0%
TOTAAL	15,139	18,976	25%	16,494	9%	20,331	34%



Figuur 2.18 : % toename in huishoudings gebaseer op bestaande inligting rondom behuising
 Figure 2.18: % increase in households based on existing housing information



Figuur 2.19: Verwagte toename in huishoudings gebaseer op bestaande inligting rondom behuising
 Figure 2.19: Expected increase in households based on existing information regarding housing



Figuur 2.20: % toename in huishoudings gebaseer op behuisingswaglyste
 Figure 2.20: % increase in households based on housing waiting lists

2.6.3 Malmesbury Padnetwerk

Die impak van die addisionele huishoudings gaan 'n negatiewe impak op verkeer in Malmesbury hê. Sou mens die aanname maak dat die nuwe huishoudings 1.5 voertuie besit, gaan daar ongeveer **4 350 (2900*1.5)** nuwe voertuie in die dorp geakkomodeer moet word op 'n daaglikse basis.

Die probleem word ook vererger deurdat drie "roetes" deur Malmesbury (Sien Figuur 2.21 en 2.22) se kern gaan, naamlik:

- Moorreesburg/Vredenburg – Paarl
- Kaapstad (N7) – Paarl
- Moorreesburg / Vredenburg – Durbanville/Stellenbosch

Ander ontwikkelings wat ook 'n impak op Malmesbury se verkeer en padnetwerk oor die medium tot langtermyn gaan hê is die uitbreiding van die PPC sement aanleg noord van Riebeek Wes, asook die industriële groei in die Saldanhabaai Munisipale gebied.

2.6.3 Malmesbury Road Network

Additional households will have a negative impact on the traffic in Malmesbury. Assuming that new households each have 1.5 vehicles, 4 350 (2900*1.5) additional vehicles will need to be accommodated on the roads daily.


The problem will be further complicated by the fact that three "routes" (View Figures 2.21 and 2.22) go through the centre of Malmesbury namely:

- Moorreesburg/Vredenburg – Paarl
- Cape Town (N7) – Paarl
- Moorreesburg/Vredenburg – Durbanville/Stellenbosch

Other development which also impact on Malmesbury's traffic and transport network is the expansion of the PPC cement plant north of Riebeek West, as well as the industrial growth in the Saldanha Bay Municipal Area.



Figuur 2.21: Hoofroetes deur Malmesbury
Figure 2.21: Main routes through Malmesbury



Figuur 2.22: Moontlike prioriteite: Herleiding van deurvervoer om Malmesbury
Figure 2.22: Possible priorities: Re-routing of through traffic around Malmesbury



2.6.4 Groei-potensiaal van dorpe

Gedurende 2005 is daar 'n Groei-potensiaal studie onderneem vir alle dorpe in die Wes Kaap (Universiteit van Stellenbosch). Tabel 2.5 toon die bevindinge van die studie.

Die geïdentifiseerde groei-potensiaal sal ook vervolgens as een van die hoof-insette dien vir die Makro Strategie vir die gebied (Hoofstukke 3-5).

2.6.4 Growth potential of towns

During 2005 a Growth Potential study for towns in the Western Cape was compiled (University of Stellenbosch). Table 2.5 indicates the findings of the study.

The growth potentials identified will also serve as some of the main inputs in the Macro Strategy for the area (Chapters 3-5).

Tabel 2.5: Groei-potensiaal
Table 2.5: Growth Potential


Dorp Town	Pop	Ekonomiese Basis Economic Base	Plek Identiteit Place Identity	Kwal. Groe Qual Growth	Kwant. Groe Quant Develop	Menslike behoefes Human Needs	Beleggings prioriteit Investment Priority
Darling	7544	Toerisme / Residensieël	Kaleidoskoop van landbou, kuns en blomme	Laag	Laag	Laag	Kleinskaalse infrastruktuur
		Tourism/Residential	Kaleidoscope of agriculture, arts and flowers	Low	Low	Low	Minor infrastructure
Kalbaskraal	1302	Residensieël	Simbiotiese Metropolitaanse-landelike leefstyl	Baie Laag	Medium	Medium	Groot skaalse Sosiaal
		Residential	Symbiotic metropolitan-rural lifestyle	Very low	Medium	Medium	Major Social
Koringberg	359	Residensieël	Klein Swartland dorpie	Baie Laag	Laag	Medium	Groot skaalse Sosiaal
		Residential	Small Swartland village	Very low	Low	Medium	Major Social
Malmesbury	25706	Streeksdienssentrum	Broodmandjie van die Wes-Kaap	Hoog	Hoog	Laag	Groot skaalse infrastruktuur
		Regional service centre	Bread basket of the Western Cape	High	High	Low	Major infrastructure
Moorreesburg	8571	Landbou dienssentrum	Swartland Koring Dorp	Medium	Medium	Laag	Groot skaalse Infrastruktuur
		Agricultural service centre	Swartland wheat town	Medium	Medium	Low	Major infrastructure
Riebeek-Kasteel	2523	Agri-toerisme en residensieël	Kulturele erfenis en mooi omgewing	Laag	Laag	Laag	Kleinskaalse Infrastruktuur
		Agri-tourism and Residential	Cultural heritage and scenic environment	Low	Low	Low	Minor infrastructure
Riebeek-Wes	2667	Landbou en Mynbou	Kulturele erfenis en mooi omgewing	Laag	Laag	Laag	Kleinskaalse Infrastruktuur
		Agricultural and Mining	Cultural heritage and scenic environment	Low	Low	Low	Minor infrastructure
Yzerfontein	514	See toerisme en Residensieël	Kus ontspanning	Medium	Laag	Baie Laag	Kleinskaalse Infrastruktuur
		Sea-tourism and Residential	Coastal recreation	Medium	Low	Very low	Minor infrastructure

Daar kan 'n duidelike verband getref word tussen privaat-sektor investering en die geïdentifiseerde groei-potensiaal. Malmesbury, wat die hoogste groei-potensiaal in die area het, het ook die grootste hoeveelheid privaat ontwikkelings. Figuur 2.23 toon die groei-potensiaal en onderskeie ontwikkelings in die gebied aan.

Die moontlike ontwikkeling van 'n vraglughawe naby Kalbaskraal kan die groei-potensiaal van dié dorp wesenlik verander. Hierdie gebeurlikheid sal gemonitor word.

A clear link is evident between private sector investment and the identified growth potential. Malmesbury, which has the highest growth potential in the area, is also the area with the highest number of private developments. Figure 2.23 indicates the growth potential and respective developments in the area.

The possible development of a freight airport in the proximity of Kalbaskraal may change the growth potential of this town significantly. This eventuality will be closely monitored.



Figuur 2.23: Behuising en groei-potensiaal
Figure 2.23: Housing and growth potential

2.6.5 Grondgebruik

'n Ontleding van die afgelope 3 jaar se hersonerings-aansoeke (2003-2006) toon aan dat die meeste grondgebruiksaktiwiteite in Malmesbury, Moorreesburg en Riebeeck Kasteel plaasvind (>10% van alle aansoeke).

Grondgebruiksverandering is 'n goeie aanduider van ekonomiese aktiwiteit en mens kan die afleiding maak dat die dorpe met die aktiefste ekonomieë dié is waar die hoogste frekwensie grondgebruiksverandering plaasvind (Sien figure 2.24 – 2.26).


Dit is ook interessant om daarop te let dat die frekwensie van grondgebruiksverandering met die groei-potensiaal van die onderskeie dorpe ooreenstem.

2.6.5 Land Use


An analysis of the past 3 years' rezoning applications (2003-2006) indicated that the most land usage change took place in Malmesbury, Moorreesburg and Riebeeck Kasteel (> 10% of all applications).

Land use change is a good indicator of economic activity and one can assume that the towns with the most active economies are those with the highest frequency of land use change (See figures 2.24 – 2.26).


It is interesting to note that the frequency of land use change also correlates with the growth potential of the different towns.



Figuur 2.24: Hersonerings per area (%)
Figure 2.24: Rezonings per area (%)



Figuur 2.25: Hersonerings per area (werklike hoeveelheid)
Figure 2.25: Rezonings per area (actual number)




Figuur 2.26: Hersonerings per jaar (2003-2006)
 Figure 2.26: Rezonings per year (2003-2006)

2.6.6 PPC sement uitbreiding

Daar is sprake van die uitbreiding van die PPC-sement aanleg noord van Riebeeck Wes. Die addisionele produksie wat beplan word gaan 'n wesenlike impak hê op die vervoer in die omliggende omgewing. Alternatiewe waarna gekyk word is die opgradering van die bestaande spoorlyn, asook die skep van 'n alternatiewe roete agter Kasteelberg na die N7.

2.6.6 Expansion of PPC

The PPC plant north of Riebeeck West is in the process of expanding significantly. The additional production output will have a significant impact on the traffic in the area. Alternatives must be considered to manage the additional traffic. Possible alternatives include the upgrading of the existing railway line as well as the development of an alternative route behind Kasteelberg, linking the plant with the N7.



Figuur 2.27: Die effek van moontlike uitbreiding van die PPC sement-fabriek op Riebeeck Wes
 Figure 2.27: The potential effects of the expansion of the PPC plant at Riebeeck West



2.6.7 Lughawens

Verskuiwing van Lughawe (Kaapstad Internasionaal)

Indien die Kaapstad Internasionale Lughawe verskuif word na die area langs die N7, tussen Atlantis en Kaapstad, sal dit 'n wesenlike invloed om die munisipale gebied hê. Die Atlantis industriële area sal uitbrei en dus nuwe werksgeleenthede skep. Verder kan dit ook die omliggende Swartland dorpe se aantreklikheid as residensiële alternatiewe vir die Kaap verbeter.


Gegewe die huidige opgradering aan die lughawe, ter voorbereiding van die 2010 Wêreldbeker, is dit redelik onwaarskynlik dat die lughawe binne die voorsienbare 5 jaar sal skuif (2014).

2.6.7 Airports

Relocation of Airport (Cape Town International)

If **Cape Town International Airport** relocates to the area on the **N7**, between **Atlantis** and **Cape Town**, it will have a significant effect on the municipal area. The **Atlantis** industrial area will expand and thus provide new job opportunities. Further it will increase the desirability of **Swartland** towns as residential alternative for **Cape Town**.

Given the present upgrading of the airport, in preparation for the **2010 World Cup**, it is reasonable to assume that the airport will not be relocated within the next 5 years. (2014).



Figuur 2.28: Moontlike verskuiwing van Kaapstad Internasionale Lughawe
Figure 2.28: Possible relocation of Cape Town International Airport

Ontwikkeling van Vraglughawe

Die ontwikkeling van 'n vraglughawe in die Swartland Munisipale Gebied is tans 'n hoogswaarskynlike ontwikkeling. Die ontwikkeling sal in die omgewing van Kalbaskraal plaasvind (Sien Figuur 2.29). Die impak van die ontwikkeling kan nog nie op hierdie tydstip in detail bepaal word nie, maar daar word verwag dat dit industriële ontwikkeling in die gebied sal bevorder.

Die volgende impak word verwag:


- Ontwikkeling van Kalbaskraal
- Verbetering van vervoernetwerke
- Moontlike industriële nodus by Kalbaskraal

Development of Freight Airport

The development of a freight airport in the **Swartland Municipal Area** is a highly probable development. The development will be in the proximity of **Kalbaskraal** (Figure 2.29). The impact of the development cannot be determined in any detail, but it is believed that it will promote industrial development in the region.

The following impacts are expected:

- Development of **Kalbaskraal**
- Improvement of transport links
- Possible industrial node at **Kalbaskraal**



Figuur 2.29: Ontwikkeling van vraglughawe
Figure 2.29: Development of freight airport

2.6.8 Wêreldbeker Sokker 2010

Die volledige invloed van die 2010 Sokker Wêreldbeker is op hierdie stadium onseker. Daar kan egter verwag word dat die toestroom van toeriste gedurende 2010, die area 'n ekonomiese hupstoot kan gee. Daar moet ingedagte gehou word dat die meeste oorsese toeriste vir die hele duur van die wêreldbeker sal wil bly, dus bestaan daar gulde toerisme geleenthede.

2.6.9 Grondhervorming

Die Weskus Distriksmunisipaliteit het 'n omvattende grondhervormingstrategie opgestel vir die hele Weskus Distrik. Hierdie strategie bevat 'n gedetailleerde analise vir elke munisipale gebied. Partye wat belang stel in Grondhervorming word aangemoedig om die dokument by die Distriksmunisipaliteit te versoek.

Die Departement Grondsake is ook tans in die proses om Area Gebaseerde Planne op te stel. Hierdie gedetailleerde planne moet inhoudelik met die Makro Strategie (Hoofstukke 3-5) ooreenstem.

2.6.8 World Cup Soccer 2010

The full impact of the **2010 Soccer World Cup** is not certain at this stage. It is to be expected that the tide of tourists during **2010** will give the area an **economic boost**. It must be borne in mind that most of the overseas tourists will stay for the entire duration of the world cup, thus creating many tourism opportunities.

2.6.9 Land Redistribution

The **West Coast District Municipality** has compiled a comprehensive strategy for **Land Reform** in the whole **West Coast district**. This strategy has a detailed analysis for each municipal area. Interested parties are encouraged to request the document from the **District Municipality**.

The **Department of Land Affairs** is also in the process of compiling **Area Based Plans**. These detailed plans must be aligned with the **Macro Strategy (Chapters 3-5)** in terms of strategic content.



2.7 Interne Kwessies

Hierdie afdeling sal fokus op die oorhoofse interne kwessies van die Munisipaliteit.

2.7.1 Personeel behoud en werwing

Die verlies aan vaardigheid in die publieke sektor is 'n kritiese probleem. Dit impakteer op dienslewering op verskeie maniere, onder andere:

- Dienste wat nie gelewer word nie, asook wetlike vereistes waaraan nie voldoen word nie.
- Dienste wat duurder gelewer word, aangesien die vaardighede ingekontrakteer moet word.
- Bestaande personeel word oorlas, en veroorsaak 'n negatiewe impak op die werksomgewing

'n Addisionele faktor wat bykom, is die totstandkoming van een staatsdiens, wat plaaslike regering sal insluit. Dit kan 'n wesenlike impak hê op die vaardigheidsvlakke van die munisipaliteit, veral ten opsigte van tegniese en bestuursvaardighede.

2.7.2 Interne Oudit

Die huidige interne oudit-afdeling bestaan uit slegs een persoon. Die interne oudit funksie kan problematies word, sou die interne ouditeur aftree.

2.7.3 Induksie program

'n Omvattende induksie program word benodig. Hierdie program behoort ten minste die volgende aan te spreek:

- Finansiële: Aankoopprosedures
- Algemeen: Veiligheidsprosedures
- Korporatief: Basiese administratiewe reëlings (o.a. verlof aansoek, ens.)

2.7.4 Informasie Tegnologie

Kliënte-dienssentrum

Die skep van 'n kliëntedienssentrum is by verskeie afdelings as 'n moontlike oplossing aangetoon om die groot hoeveelheid navrae te hanteer. Die skep van 'n klientedienssentrum kan ook die "korporatiewe" beeld van die organisasie bevorder.

Munisipale Webwerf

Die munisipale webwerf sal kliëntediens verbeter. Indien die inhoud van die webwerf uitgebrei kan word om sleutel inligting rakende die area weer te gee, asook interne beleide en prosesse duidelik aan die publiek oor te dra, kan die tyd wat amptenare

2.7 Internal Issues

This section will focus on the over-arching internal issues of the Municipality.

2.7.1 Personnel retention and recruitment

The loss of skills in the public sector is a critical problem. It impacts on service delivery in the following ways:

- *Services cannot be rendered and legal requirements are not met*
- *Services are provided at a higher cost, since skills have to be sourced from the private sector*
- *Existing personnel are overloaded, which impacts negatively on the working environment*

An additional factor impacting on the above is the creation of one government service, which will include local government. This may have a significant impact on the skills levels in municipalities, especially with regard to technical and management skills.

2.7.2 Internal Audit

The current service comprises of one individual. The service will become problematic if the internal auditor retires.

2.7.3 Induction programme

A comprehensive induction programme is required. This programme should focus on the following:

- *Financial: Procurement processes*
- *General: Safety procedures*
- *Corporate: Basic Administrative processes (inter alia leave applications, etc)*

2.7.4 Information Technology

Client Services Centre

The establishment of a client service centre in certain divisions to handle the large number of enquiries is suggested as a possible solution. The creation of a client service centre can also promote the "corporate" image of the organisation.

Municipal Website

The municipal website will improve client service. If the content of the website can be expanded to include conveying key information regarding the area, as well as internal policies and processes, to the public, then the time spent by officials on



spandeer op navrae merkbaar verminder word. Daar moet ook ingedagte gehou word dat die webwerwe toenemend 'n ingangspunt ("entry point") vir baie verbruikers word.

IT-oplossings

Gegewe die probleme wat ervaar word rakende vaardigheid, moet die bydrae wat IT kan lewer ondersoek word.

Tydens die onderskeie werksessie met die onderskeie afdelings het van die volgende kwessies uitgekom rakende IT.

- Boubesluit: Sagteware onvoldoende
- Reinigingsdienste: Sagteware vir akkurate rekordhouding noodsaaklik
- Finansiële stelsels: Promun II benodig sterker rekenaars en skakeling met sateliet kantore

2.7.5 Langtermyn finansiële volhoubaarheid

Die invloed van mense in die area, veral diegene wat gesubsidieer moet word ten opsigte van dienste, gaan 'n negatiewe impak hê op die finansiële volhoubaarheid van die munisipaliteit. Daar moet meganismes geskep word waarop die munisipaliteit finansiële volhoubaarheid kan verseker.

Volhoubaarheidskwessies

- Uitbreiding van organisasies (bedryfsuitgawes) om tred te hou met groei en wetgewing.
- Toename in onderhoud weens uitbreiding van infrastruktuur.
- Infrastruktuur ontwikkeling.
- 'n Toename in krediteure (subsidiëring van addisionele huishoudings).
- Inkomste deur dienste gelewer (tarief/belasting-verhogings).
- Uitbreiding van kliënte-basis.
- Inkomste deur verkoop van munisipale grond.

Inkomste deur verkoop van munisipale grond

Die vraag wat hier gevra moet word, is hoe volhoubaar hierdie inkomste-generering strategie is op die lang-termyn. Op hierdie stadium kan die munisipaliteit sy kapitale begroting grotendeels met eie fondse befonds, danksy die groot winste wat verkry word deur die ontwikkeling en verkoop van grond.

Daar word voorgestel dat die munisipaliteit kyk na 'n 5-10 jaar erf-ontwikkelingskediule met jaarlikse inkomste teikens.

enquiries can be drastically reduced. It must also be borne in mind that the websites are increasingly an entry point for many users.

IT- solutions

Given the problems experienced with respect to skills, the possible contributions from IT must be investigated.

During various work sessions with various departments the following matters emerged with respect to IT:

- **Building Control:** software inadequate
- **Cleaning Services:** software needed for accurate record keeping
- **Financial systems:** Promun II needs more powerful computers and improved communication with satellite offices

2.7.5 Long-term financial sustainability

The influx of people into the area, especially those who must be subsidized with respect to services, will have a negative impact on the financial sustainability of the municipality. Mechanisms must be put in place to ensure the financial sustainability of the municipality.

Matters of sustainability

- **Expansion of organizations (working costs) to keep pace with growth and legislation.**
- **Increase in maintenance as a result of expansion of infrastructure.**
- **Development of infrastructure.**
- **An increase in creditors (subsidiization of households)**
- **Income from services rendered (tariff/tax increases)**
- **Expansion of the client base**
- **Income from the sale of municipal land**

Income from sale of municipal land

The question which must be asked here is, how sustainable this income-generating strategy is in the long term. At this stage the municipality can increase its capital budget substantially with funding from the large profits made from development and the sale of land.

It has been proposed that the municipality can bank on a 5-10 year erf development scheme with annual targets.



Kredietbeheer

Credit control

Dit is krities dat munisipaliteit 'n "zero-tolerance" benadering toepas teenoor wanbetalers. Wyke waar wanbetaling 'n probleem is (bv. Wyk 7) behoort as prioriteit gestel te word vir bewusmakingsaksies.

It is **critical** that the municipality maintain a "zero tolerance" policy toward non-payers. Wards in which non-payment is a problem (eg. ward 7) must be seen as a priority in terms of awareness action.

2.7.6 Organisatories struktuur (Makro-struktuur)

2.7.6 Organizational structure (Macro-structure)

Die huidige struktuur van die munisipaliteit is nie optimaal nie. Die makro struktuur van die organisasie is tans in die proses om gewysig te word om meer ontwikkelingsgerig te kan funksioneer.


The present structure of the municipality is not optimal. The macro structure is currently being revised on order to be more development orientated.

2.7.7 Finalisering van roluitklarings en delegasies

2.7.7 Finalization of role clarification and delegation

Roluitklaring tussen die administratiewe- en politieke komponente van die munisipaliteit is noodsaaklik. Alle inisiatiewe gemik op die administratiewe funksionering van die munisipaliteit is afhanklik van die roluitklaringsproses. Die toekenning van delegasies (gekoppel, maar afhanklik van die afhandeling van die roluitklaring), moet ook so spoedig moontlik gefinaliseer word.

Role clarification within the administrative and political components of the municipality is necessary. All initiatives aimed at the administrative functioning of the municipality are dependent on the role clarification process. Delegation (coupled with, but independent of, role clarification), must be finalized as soon as possible



Figuur 2.30: Die belang van roluitklaring en delegasies
Figure 2.30: The importance of role-clarification and delegations

2.7.8 Kommunikasie

2.7.8 Communication

Genoegsame interne en eksterne kommunikasie is nodig om die organisasie ten volle te laat funksioneer.

Competent internal and external communication is necessary for the successful functioning of the organization.

Ekstern

External

Skakeling met die publiek moet meer formeel bestuur word, veral ten opsigte van terugvoer aan die media. Die kommunikasie protokol van die munisipaliteit moet geformaliseer word.

Liaison with the public must be more formalized, especially with respect to the media. The municipal communication protocol needs to be formalized.

Interne

Internal

Interne kommunikasie moet uit 'n sentrale punt bestuur word. Standaard kommunikasie onderwerpe moet geïdentifiseer word en maandeliks aan die

Internal communication must emanate from a central source. Standard communication topics must be identified and distributed monthly to the



personeel versprei word, via e-pos en/of op kennisgewingborde. Standaard onderwerpe kan insluit:

- Nuwe beleid(e)
- Vakatures (intern)
- Induksie-skedule(s)
- Algemene personeel aangeleenthede

2.7.9 Junior stadsraad

Die ontwikkeling van politieke leierskap is van groot belang vir langtermyn goeie regering ("Good Governance"). Daar moet meer gefokus word op die bevordering en ontwikkeling van die junior stadsraad, en daar kan veral op die volgende gefokus word:

1. Blootstelling aan wykskomitees (strukture en doel)
2. Blootstelling en deelname aan Raadsaktiwiteite

Daar moet egter duidelikheid gekry word ten opsigte van die verantwoordelikheid vir die ondersteuning / bestuur van die junior stadsraad.

2.7.10 Bestuur van wykskomitees

Die bestuur van die Wykskomitees resorteer tans onder Korporatiewe Dienste. Alhoewel die funksie administratief bestuur word uit hierdie afdeling, word personeel van ander direktorate ook gebruik vir die bestuur van die komitees. Uit die onderskeie departemente analyses het dit na vore gekom dat daar menslike hulpbron probleme is rondom die funksie, veral ten opsigte van die adminstrasie van die komitees.

personnel, via e-mail and/or on notice boards. **Standard topics include;**

- **New policy/ies**
- **Vacancies (internal)**
- **Induction schedule/s**
- **General personnel opportunities**

2.7.9 Junior Town Council

The development of political leadership is of great importance in the long term ("Good Governance"). There needs to be more focus on the promotion and development of the junior town council, especially with respect to the following:

1. **Exposure to ward committees (structure and aims)**
2. **Exposure to and participation in Council activities**

Clarification is required with respect to the responsibility for the support / management of the junior town council.

2.7.10 Management of ward committees

The management of ward committees is at present the responsibility of Corporate Services. Although the division is responsible for the administrative management function, personnel from other directorates are also used to support the committees. Analyses from various departments have shown that there are human resource problems in connection with this function, especially with respect to the administration of the committees.



2.8 Basiese Munisipale Dienste

Hierdie afdeling sal 'n baie kortlikse uiteensetting van die dienste van die munisipaliteit gee. Gedetailleerde inligting kan in die onderskeie sektorale planne verkry word.

2.8.1 Sanitasie

Daar is steeds huishoudings in die gebied wat van die emmerstelsel gebruik maak. Hierdie huishoudings word oorwegend in Wyk 7 aangetref. Daar moet egter bygevoeg word dat alle stedelike huishoudings TOEGANG tot die diens het.

Die werklike toestand rakende sanitasie dienste in landelike areas is nie bekend nie. 'n Gedetailleerde ondersoek na hierdie dienste is nodig.

The onderstaande figure dui van die probleme wat met die diens geassosieer word, aan.

2.8 Basic Municipal Services


This section will give a very brief description of the municipal services. Detailed information can be found in the respective sector plans.

2.8.1 Sanitation


There are still households in the area making use of the bucket system. These households are predominantly in Ward 7. It should be noted that all rural households do have **ACCESS** to the service.

The actual state of sanitation in rural areas is not known. A detailed study is required to determine the rural sanitation status quo.


The figures below highlights some of the major problems associated with the service.



Figuur 2.31: Huidige en verwagte Probleme
Figure 2.31: Current en future problems



Figuur 2.32: Riool Suiweringsaanlegte
Figure 2.32: Sewerage Treatment Plants



Figuur 2.33: Probleme rakende riool suiweringsaanlegte
Figure 2.33: Problems associated with sewerage treatment plants



2.8.2 Water

Alle stedelike gebiede, uitgesluit Wyk 7, het 99% toegang tot water op die erf.

Daar is 47% van die Chatsworth huishoudings en 20% van die Riverlands huishoudings wat water kry deur 'n gemeenskaplike punt (Bron: Water Dienste Ontwikkelingsplan 2006-2007). Hierdie persentasie verteenwoordig 'n totaal van 153 huishoudings wat hierdie diens gebruik (108 huishoudings in Chatsworth en 45 huishoudings in Riverlands).

Grootmaat voorsiening kan ook in die toekoms 'n probleem word, gegewe die verwagte groei in verbruikers (Totaal = 5 200; 3 900 nie lae koste verbruikers; 1 300 lae koste verbruikers).

Die onderstaande figure toon die hoof probleme rondom die diens aan.


2.8.2 Water

All urban areas, excluding Ward 7, have 99% access to water on site.


47% of households in Chatsworth and 20% in Riverlands get water from a communal point (Source: Water Services Development Plan 2006 – 2007). This represents 153 households using this service (108 in Chatsworth and 45 households in Riverlands).

Bulk provision of water will also be a problem in the future, given the expected growth in users (total = 5 200; 3 900 not low cost users; 1300 low cost users).


The figures below indicate the main problems related to the service.




Figuur 2.34: Water aansluitings
Figure 2.34: Water connections



Figuur 2.35: Huidige probleme
Figure 2.35: Current problems



Figuur 2.36: Toekomstige probleme
Figure 2.36: Future problems



Figuur 2.37: Netwerk verspreiding en onderhoud
Figure 2.37: Network distribution and maintenance




2.8.3 Reiginingsdienste


2.8.3 Cleaning Services

Alle stedelike huishoudings het 100% toegang tot die diens.


All urban households have 100% access to the service.



Figuur 2.38: Swartland Munisipale oorhoofse reinigingsdiens
Figure 2.38: Swartland Municipal waste management service



Figuur 2.39: Probleme rakende vullisverwydering
Figure 2.39: Problems related to refuse removal



Figuur 2.40: Status van stortingsterreine en oorlaaistaties
Figure 2.40: Status of waste disposal sites and transfer stations



2.8.4 Strate en stormwater

Baie paaie is aan die einde van hul funksionele diensleeftyd en moet herseël word. Ander kritiese probleme sluit in:

- Onderhoud aan sygaardjies;
- Baie slaggate;
- Swak gevormde sygaardjies en randstene, en;
- Skade deur boomwortels.

Wyk 7

Wyk 7 se padinfrastruktuur is onvoldoende. Sommige paaie se belyning is problematies en staan die heel winter vol water, terwyl paaie hergruis moet word. Chatsworth het kritiese stormwater probleme.

Die munisipaliteit maak gebruik van 'n uitgebreide pad-onderhoudsprogram. Hierdie program klassifiseer al die munisipale paaie in 5 kategorieë, van "Krities" tot "Baie Goed". Die huidige stand van pad-infrastruktuur word aangetoon in Figure 2.37-2.39.

2.8.4 Streets and storm water


Many roads are at the end of their functional life, and must be resealed. Other problems include:

- Pavement maintenance;
- Increasing numbers of potholes;
- Poorly built pavements and kerbing, and
- Damage from tree roots.

Ward 7


Ward 7's road infrastructure is insufficient. Some roads have drainage problems and are waterlogged throughout the winter, while other roads must be regravelled. Chatsworth has critical storm water problems.

The Municipality utilizes an extensive road maintenance program. This programme classifies all municipal roads in 5 categories, from "Critical" to "Excellent". The current state of the road infrastructure is indicated in Figures 2.37-2.39.




Figuur 2.41: Status quo ten opsigte van pad-oppervlaktes (stedelike strate)

Figure 2.41: Status quo with respect to road surfaces (urban roads)



Figuur 2.42: Toestand van strate: struktureel
Figure 2.42: State of roads: structural



Figuur 2.43: Toestand van strate: Oppervlakte
Figure 2.43: State of roads: Surfaces



2.8.5 Elektrisiteit

Ontwerp en Bepanning

Kapasiteit

Die afdeling ervaar 'n personeel tekort, naamlik 'n tekenaar, junior tegnikus vir toets en instel van beveiling, meters, lasvloei studies. Administratiewe steun is ook onvoldoende. ('n klerk/sekretaresse vir ontvangs van publiek, aansoeke kwotasies, verwysings ens).

Opleiding

Spesialis opleiding word benodig, veral ten opsigte van CAD (Computer Assisted Design), ontwerp, beveiliging instelling, lasvloei, foutvlak analise meter toetsing en indiensstelling. Die huidige opleidingsbeleid maak hierdie tipe opleiding egter nie moontlik nie, gevolglik moet die beleid ooreenkomstig hersien word.

Toerusting

Bepaalde kantoorakkommodasie is ook 'n probleem. Voorsien kantoor vir tegnikus in MBY. Addisionele toerusting wat benodig word, sluit in bykomende CAD programme, plotter en rekenaars.

Konstruksie, bedryf en instandhouding

Kapasiteit

Daar is tans slegs voldoende kapasiteit vir die bedryf van die diens. Instandhouding en konstruksie word uitkontraakteer. Gekwalifiseerde vakmanne word benodig, maar die vergoeding is te min om voldoende gekwalifiseerde personeel te trek. Veiligheid is tans ook problematies.

Onderhoud

Die huidige begroting is onvoldoende vir behoorlike instandhouding en hernuwing van verouderde netwerke. Begroting en personeel is onvoldoende om behoorlik aan veiligheidsvereistes ingevolge wetgewing te voldoen .

2.8.5 Electricity

Planning and design

Capacity

The department is suffering from a personnel shortage, namely a draftsman, junior technician for testing and installation of security, meters, load distribution studies. Administrative support is inadequate. (A clerk/secretary for reception, enquiries, quotations, referrals etc).

Training

Specialist training is required, especially with respect to CAD (Computer Assisted Design), design, security installation, load distribution, fault level analysis, meter testing and commissioning. The present training policy does not allow for this kind of training, thus the policy must be reviewed.

Equipment

Limited office space is also a problem. Provision of an office for technician in Malmesbury. Additional equipment needed such as an additional CAD programme, plotter and computers.


Construction, operation and maintenance

Capacity


At present there is only capacity for the operation of the service. Maintenance and construction are subcontracted out. Qualified tradesmen are needed, but the remuneration is too little to attract adequately qualified personnel. Security is also a problem at present.

Maintenance

The present budget is inadequate for proper maintenance and renewing of old networks. Budget and personnel are inadequate to carry out the security measures required by law.



Figuur 2.44: Huidige probleme t.o.v. Eelektrisiteit
 Figure 2.44: Current problems associated with electricity



Figuur 2.45: Toekomstige kapasiteit
 Figure 2.45: Future capacity



Hoofstuk 3

Oorsig van die Makro Strategie vir die streek

“Waarom gee ek om oor die toekoms? Want ek gaan die res van my lewe daar spandeer.”

Chapter 3

Overview of the **Macro Strategy** for the region

“**Why do I care about the future? Because I am going to spend the rest of my life there.**”





Hoofstuk 3: Oorsig van die Makro Strategie vir die streek

Chapter 3: Overview of the Macro Strategy for the region

3.1 Inleiding

Die Makro Strategie poog om verskillende rolspelers te verenig agter 'n omvattende hoë-orde strategie ten einde ontwikkeling binne die streek te bevorder.

Hierdie hoofstuk sal op die raamwerk vir die oorhoofse strategieë vir die Swartland Munisipale gebied fokus. Die strategieë is gebaseer op, onder andere, die volgende:

- Nasionale Ruimtelike Ontwikkelingsperspektief (NROP)
- ASGISA- Versnelde en Gedeelde Groei inisiatief van Suid Afrika
- Provinsiale Groei en Ontwikkelingstrategie (WK PGOS)
- Sosio-ekonomiese Profiel van die Swartland (Universiteit Stellenbosch)
- Groei-Potensiaal van Dorpe in die Weskus (Prof. A.J. van der Merwe, Universiteit van Stellenbosch)
- Persoonlike gesprekvoering met personeel
- Werksessies met bestuur en Raad
- Swartland Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingstrategie
- Weskus Grondhervormingstrategie
- Weskus Armoede Verligtingstrategie

3.2 ASGI-SA: Versnelde en Gedeelde Groei inisiatief - Suid Afrika

Die GOP ondersteun die strategiese riglyne soos voorgestel deur die ASGISA inisiatief:

- Infrastruktuur ontwikkeling
- Opvoeding en vaardigheidsontwikkeling
- Uitwissing van die 2^{de} ekonomie

Bogenoemde strategiese riglyne kry binne die Makro Strategie beslag. Beide infrastruktuur-ontwikkeling en vaardigheidsontwikkeling word aangespreek in die Makro Strategie.

ASGISA poog om 'n landswye groeikoers van 4.5 % (Bruto Binnelandse Produk (BBP)) tussen 2005-2009 te behaal, waarna 'n 6% groeikoers vir die tydperk 2010-2014 nagestreef word.

Binne provinsiale konteks word daar egter gepoog om 'n groeikoers van 8% te bereik, gegewe dat die Wes-Kaap een van die land se ekonomies sterkste provinsies is.

As een van die sterker ekonomiese groeipunte in die Weskusstreek, poog Swartland Munisipaliteit om ook die 8% (Bruto Geografiese Produk (BGP)) groeiteiken vanaf 2007 tot 2009 te behaal.

3.1 Introduction

The **Macro Strategy** aims to unify different role-players behind a **comprehensive high order strategy** in order to promote development within the region.

This **chapter** will **focus** on the **framework** for the **over-arching strategies** for the **Swartland Municipal Area**. The strategies are based, *inter alia*, on the following:

- **National spatial Development Perspective (NSDP)**
- **ASGISA – Accelerated and Shared Growth - South Africa**
- **Provincial Growth and Development Strategy (WC PGDS)**
- **Socio-economic profile of the Swartland (University of Stellenbosch)**
- **Growth Potential of towns in the West Coast (Prof. A.J. van der Merwe, University of Stellenbosch)**
- **Personal consultation with relevant personnel**
- **Work sessions with management and Council**
- **Swartland Local Economic Development Strategy**
- **West Coast Land Reform Strategy**
- **West Coast Poverty Alleviation Strategy**

3.2 ASGI-SA: Accelerated and Shared Growth - South Africa

The **IDP** supports the **strategic guidelines** as proposed by the **ASGISA** initiative:

- **Infrastructure Development**
- **Education and Skills Development**
- **Eliminating the 2nd economy**

The above **strategic guidelines** are **incorporated** within the **Macro Strategy**. Both **infrastructure development** and **capacity development** are addressed in the **Macro Strategy**.

ASGISA attempts to **achieve** a national growth rate of 4.5% (**Gross Domestic Product (GDP)**) over the **2005-2009** period, after which a 6% growth target is set for the period **2010-2014**.

Within a provincial context, a growth rate of 8% has been set, given that the **Western Cape** is one of the **economic powerhouses** of the **country**.

As one of the stronger economies in the **West Coast Region**, **Swartland Municipality** will attempt to **achieve** a growth rate of 8% (**Gross Geographic Product (GGP)**) for the **2007-2009** period.



3.3 Aannames (NROP)


Die Makro Strategie is gebaseer op die aannames van die Nasionale Ruimtelike Ontwikkelingsperspektief (NROP), wat as volg is:

- Daar word aanvaar dat in die voorsienbare toekoms meer mense in areas sal bly met beperkte ontwikkelingspotensiaal
- Daar moet aanvaar word dat daar meer distrikte en provinsies is wat areas van lae potensiaal is as wat daar areas van hoë potensiaal is
- Ten einde nie te diskrimineer teen mense wat huidiglik benadeel word deur die area waarin hulle hulself bevind nie, word voorgestel dat die regering:
 - Hierdie ongelykhede aanspreek deur dieselfde verspreiding van finansiële hulpbronne te behou ten opsigte van hierdie areas, MAAR dat hierdie investering minder gefokus is op vaste bates.
- Dit impliseer dat slegs 'n basiese vlak van infrastruktuur dienste voorsien word, en dat 'n addisionele bedrag (ten minste gelyk aan huidige oorbetalings) aangewend word vir:
 - Vaardighedsontwikkeling
 - Arbeidsmark inligting
 - Ander hulpbronne
- wat mense in areas met swak ekonomiese potensiaal kan help om meer mobiel te word.
- Sosiale investering moet plaaslike kompeterende voordele bevorder ten einde mense die opsie te gee om in lae groei areas te bly sou hulle dit verkies.
- Daar word egter aanvaar dat mense, indien die opsie beskikbaar is, eerder na plekke met 'n hoër ekonomiese potensiaal sal beweeg.

3.3 Assumptions (NSDP)

The Macro Strategy is based on the assumptions of the National Spatial Development Perspective (NSDP), which is as follows:

- It is recognized that for the foreseeable future there will be many people living in localities that have limited potential to develop.
- It should be recognized that there are many more districts and provinces that are localities of low potential than there are localities of high potential.
- In order not to discriminate against people who are currently locationally disadvantaged, it is proposed that Government seek to:
 - Redress these inequities by maintaining the current distribution of fiscal resources to these areas, BUT that this investment is shifted into less fixed assets.
- This could mean that only a very basic level of infrastructural services is provided and that an additional amount of money (at least equal to current transfers) goes into:
 - Skills development;
 - Labor-market information; and
 - Other resources
- that will enable those living in these areas to become more mobile.
- Social investment should seek to exploit the local comparative advantages in order to give people the option of remaining in these localities if they so choose.
- However, it is assumed that given the low level of economic potential, many people will eventually move to areas of greater economic potential.



Figuur 3.1 : Nasionale Ruimtelike Ontwikkelingsperspektief
Figure 3.1 : National Spatial Development Perspective



3.4 NROP-Riglyne


Met bogenoemde NROP-gebaseerde aannames in ag geneem, word die onderstaande strategiese riglyne vervolgens gebruik as 'n basis vir die Makro Strategie:

- In areas met 'n medium tot hoë hulpbron potensiaal moet toekomstige ekonomiese groei versigtig bestuur word om nie omgewingsprobleme te skep of te vererger nie.
- Die konsentrasie van behoeftige mense in areas met lae potensiaal moet nie ondersteun word nie, en waar moontlik moet hierdie persone, deur middel van sosiale investering, meer mobiel gemaak word ten einde hulle die keuse te gee om plekke met lae ekonomiese potensiaal te kan verlaat.
- Toekomstige ekonomiese groei moet primêr gefokus word in areas met 'n medium tot hoë hulpbron basis, asook plekke met medium tot hoë menslike behoeftes, waar daar ekonomiese ontwikkelingspotensiaal is.
- Ekonomiese aktiwiteit moet ondersteun en aangemoedig word deur infrastruktuur investering waar daar alreeds 'n hoë vlak van ekonomiese aktiwiteit is en waar die hulpbron potensiaal medium tot hoog is.

3.4 NSDP-Guidelines

Taking into consideration the NSDP-based assumptions, the following strategic guidelines are also used as a basis for the Macro Strategy :

- In areas in which resource potential is medium to high, future economic growth should be carefully managed in order not to further exacerbate environmental vulnerabilities.
- The further concentration of people in need in areas of low potential should not be encouraged and where possible, people should be assisted through social investment to become more mobile so that they may choose to move out of such areas.
